

SABBATSKOOL  
BYBELSTUDIEGIDS  
VIR VOLWASSENES

# 2 VOORBEREIDING VIR DIE EINDTYD



# Inhoudsopgawe

1	Die kosmiese krisis (31 Maart–6 April)	118
2	Daniël en die eindtyd (7-13 April)	126
3	Jesus en die boek Openbaring (14-20 April)	134
4	Verlossing en die eindtyd (21-27 April)	142
5	Christus in die hemelse heiligdom (28 April–4 Mei)	150
6	Die “verandering” van God se gebod (5-11 Mei)	158
7	Matteus 24 en 25 (12-18 Mei)	168
8	Aanbid die Skepper (19-25 Mei)	176
9	Eindtydbedrog (26 Mei-1 Junie)	184
10	Amerika en Babilon (2-8 Junie)	192
11	Die seël van God of die merkteken van die dier? (9-15 Junie)	200
12	Babilon en Armageddon (16-22 Junie)	208
13	Die wederkoms van ons Heer en Heiland (23-29 Junie)	216

**Redakteurskantoor:** 12501 Old Columbia Pike, Silver Spring, MD 20904

**Besoek ons webblad:**  
<http://www.absg.adventist.org>

**Hoofbydraër:**  
Norman R. Gullett

**Redakteur:**  
Clifford R. Goldstein

**Subredakteur:**  
Soraya Homayouni

**Publikasiebestuurder:**  
Lea Alexander Greve

**Redaksionele Assistent:**  
Sharon Thomas-Crews

**Pacific Press®-Koördineerder:**  
Wendy Marcum

**Grafiese kuns en ontwerp:**  
Lars Justinen

©2018, Sewendedag-Adventiste Wêreldkonferensie®. Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van die Sabbatskool-Bybelstudiegids vir Volwassenes

(Standaarduitgawe) mag deur enige persoon of entiteit geredigeer, oorbeg, verander, aangepas, vertaal, herdruk of uitgegee word sonder om vooraf geskrewe toestemming by die Sewendedag-Adventiste Wêreldkonferensie® te verkry nie. Die onderskeie divisiekantore van die Sewendedag-Adventiste Wêreldkonferensie® het wel toestemming om die Sabbatskoolbybelstudiegids vir Volwassenes (Standaarduitgawe) te laat vertaal, hoewel dit onderhewig aan sekere riglyne is. Sulke vertalings en hul gepubliseerde weergawes bly egter steeds die eiendom van die Wêreldkonferensie. “Sewendedag-Adventiste,” “Adventiste” en die vlam-logo is geregistreerde handelsmerke van die Sewendedag-Adventiste Wêreldkonferensie® en mag nie sonder die Wêreldkonferensie se uitdruklike toestemming gebruik word nie. Die Sabbatskoolbybelstudiegids vir Volwassenes (Standaarduitgawe) is opgestel deur die Sewendedag-Adventiste Wêreldkonferensie® se Kantoor vir Volwasse Bybelstudiegids. Die voorbereiding van die gids staan onder leiding van die Sabbatskool Publikasieraad, ’n subkomitee van ADCOM (die Wêreldkonferensie Administratiewe Komitee), en is die uitgewer van dié bybelstudiegids. Die gepubliseerde gids weerspieël die bydraes van ’n

wêreldwye evalueringskomitee en geskied met die goedkeuring van die Sabbatskool Publikasieraad. Derhalwe verteenwoordig dit nie noodwendig die bedoelings van die skrywer/skrywers nie. Dit kom ook nie op ’n volledige weergawe van daardie party/partye se benaderings neer nie.

## Bybelvertalings

Die skrifverwysings in dié Sabbatskoolbybelstudiegids vir Volwassenes (Standaarduitgawe) – kom uit die volgende vertalings:  
OAB. Skrifaanhalings gemerk OAB is geneem uit Die Bybel in Afrikaans© 1933, 1953.  
Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.  
NAB. Skrifaanhalings gemerk NAB is geneem uit Die Bybel in Afrikaans© 1983, 1992.  
Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

## E.G. White-aanhaling in Afrikaans

Die Afrikaanse vertalings van die Ellen G. White-aanhaling wat in dié studiegids gebruik word, is vry vertaal deur die vertaler.



## Christus en die Eindtyd

**D**it was in Sy laaste paar uur op aarde, as mens, dat Jesus die volgende trooswoorde aan Sy dissipels gegee het: “Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle” (*Joh. 14:1-4, OAB*).

Die dissipels het dit toe net ten dele verstaan en boonop was die tydsbestek van daardie belofte nog nie aan hulle bekend nie. Tog moes Jesus se woorde baie vertroosting gebring het. ’n Woonplek in die Vader se huis? ’n Plek wat Jesus self vir hulle sou voorberei? Gemeet aan die omstandighede waarin hulle hulle destyds bevind het, was dit gewis die beste tyding ooit!

Nie lank voor dit nie, toe Hy eendag saam met sy dissipels was, het Jesus dan ook die tyd in aanloop tot sy wederkoms in breë trekke bespreek. Vandag lees dit as ’n soort “toekomsblik in trurat” – en dit was geensins rooskleurig nie. Oorloë, gerugte van oorloë, nasies wat bots, hongersnede en aardbewings – alles dinge wat, volgens Jesus, bloot ’n “begin van die smarte” was (OAB). Boonop was vervolging, verraad, misleiding en beproewing ook in sig. Gesien vanuit die hede is dit duidelik dat byna al die dinge waarteen Jesus sy volgelinge gewaarsku het, bewaarheid is – en dat dit selfs op die voorspelde wyse geskied het. Voorts bespeur ’n mens ook die vervulling van twee profesieë wat met tyd te make het. Die eerste is Daniël 7:25 se “tyd en tye en die helfte van ’n tyd” (*lees ook Op. 12:6, 14; hfst. 13:5; Num. 14:34*), wat in die sesde eeu n.C. (538) begin en in die laat 18de eeu (1798) geëindig

het. Dan is daar ook die langste van die twee tydprofesieë – Daniël 8:14 se 2300 dae, wat in 1844 in vervulling gegaan het.

Ons leef dus in Daniël 12:13 se “eindtyd” (NAB) – nie waar nie? Tog weet ons nie wanneer dié verhaal sy klimaks sal bereik nie – m.a.w. wanneer Jesus presies sal kom nie. Wat meer is, ons hoef dit nie te weet nie. Al wat belangrik is, is dat dit wel gaan gebeur. Meer belangrik is die vraag: Is ons gereed vir daardie dag?

Dit laat ’n mens wonder: Hoe berei ek my voor? Die beste antwoord is seker die een wat Paulus ons gee: “Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe” (*Kol. 2:6, NAB*). Anders gestel – in ons mallemeulewêreld van verwickelinge, koerantopskrifte en allerhande eindtydsienings, is dit tog so maklik om die pad byster te raak, om behep te raak met die gebeure wat vermoedelik wys dat die wederkoms op hande is, soveel so dat ons Christus Self uit die oog verloor. Sonder Hom is daar immers geen sprake van suksesvolle voorbereiding nie!

In dié kwartaal fokus ons op die eindtyd, maar ook nie heeltemal nie. Die soeklig val inderwaarheid op Jesus, hoewel dit binne die konteks van die eindtyd en voorbereiding vir die wederkoms geskied. Ja, datums, wêreldgebeure en die geskiedenis kom wel ter sprake, aangesien die Bybel self die verband tussen daardie dinge en die eindtyd aantoon. Binne hierdie konteks is Jesus egter steeds die Hoofkarakter van ons verhaal. Ons sien wie Hy is, wat Hy vir ons gedoen het, wat Hy binne-in ons doen, en wat Hy met en na Sy wederkoms gaan doen. Jesus as Heer en Heiland is die middelpunt van ons geloof, of soos Paulus dit stel: “Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde” (*1 Kor. 2:2, NAB*). Hoe meer ons op Jesus fokus, des te meer word ons soos Hy – neem ons toe in gehoorsaamheid, is ons algaande meer gereed vir die dinge wat ons te beurt gaan val. Wanneer daardie dinge gaan gebeur, is nie van belang nie – hetsy in die afsienbare toekoms of reg aan die voleinding van die wêreld, op daardie dag wat ons wel besit sal neem van “die wonings” wat Jesus berei het vir dié wat Hom liefhet.

*Norman R. Gulley, (PhD), is ’n navorsingsprofessor in sistematiese teologie aan die Southern Adventiste-universiteit.*